ng|kenridge

**ons bou brûe soos Jesus**

**10 MAART 2019**

**TWEEDE LYDENSWEEK**

NID

## VANDAG SE EREDIENSTE

**NAGMAAL EN BELYDENIS**

**40 Dae van Gebed—Week 7**

8h30  Christi Thirion

10h30  Willem Lötter

18h30  Johan Steenkamp

Kinders wat vandag belydenis van geloof aflê:

Lisa Bassett
Danielle Brink
Pieter Cilliers
Rochelle Combrink
Liandi Conradie
Marle Cooper
Pierre de Jongh
Ebbe-Jacques Dommisse
Ulrika Köster
Davey Nel
Niel Pace
Jessica Smith
Mieke Stroebel
Renier Spangenberg
Zandria Spangenberg
Casper Troskie
Marizanne van Wyk
Lindie Vogel
Jana Wolmarans

## KLEUTERKERK

**KLEINSAAL—8h30**

Wikkelwurms:  God het my neusie gemaak
Stapsoldaatjies:  Baba Moses
Kleurkabouters:  Hoe sonde begin het
Groeigoggas:  Ek groei geestelik

## KINDERKERK

40 Dae van Gebed — Afsluiting

**JEUGSAAL - 8h30**

Graad 1

**GROOTSAAL - 8h30**

Graad 2—5

## TIENERBEDIENING

40 Dae van Gebed— Afsluiting

**KERK 9h30**

Graad 6 en 7

**GROOTSAAL—17h30**

Graad 8—10

**JEUGSAAL—17h30**

Graad 11

***Vanaf 7 April sal Tienerbediening skuif na 18h30***

**Deursoffers:  Nasionale instituut vir Dowes**

Die deuroffers vir die **NID** maak dit moontlik om ons dienste aan Dowes met uitnemendheid voort te sit. Die dienste behels **bejaardesorg**, **residensiële versorging**, **ondersteuning aan studente**, **beroepsopleiding**, en **geestelike versorging**.  Dankie, vir u finansiële ondersteuning en dankie dat u deel bly van 'n netwerk van liefdevolle hande en harte.  Dowes verstaan liefde deur wat hulle kan sien en emosioneel ervaar. Besoek gerus ons webtuiste vir meer inligting, www.nid.org.za

## K.V.A.—TUISVERGADERING

Woensdag, 13 Maart 10h00.
Kom geniet 'n oggend propvol humor en lewenslus saam met Suezette Smit (motiveringspreker). Haar energieke en treffende boodskap **"Klim jou Everest"** sal maak dat ons net weer na die lewe kyk met nuwe oë.

## PAPPA-AAND

Pappa-aand: 13 Maart, 19:00 in die Kleinsaal.
Tema: **"Hoe CONNECT jy?"**

## SYMPHONY OF PRAYERS

Die Symphony of Prayers vind plaas 6 Junie om 19h00 in die kerk. Die-geleentheid val binne die Pinkster en is integraal deel van die Pinksterreeks. Dit is in 'n klassieke styl en die uitvoering is deur internasionaal-erkende musikante en opera-sangers. Die kaartjies word oor die hele Wes-Kaap verkoop en daar is slegs 600 kaartjies beskikbaar.
**Kaartjies is by Computicket te koop** @R100 elk. Winste word geskenk aan Maitland Gemeenskapskerk om kerkgebou te herbou.

**Seisoen van Leer** word vanaf 10 Julie tot 28 Augustus aangebied. Hou die Bulletin dop in April vir verdere inligting.

## VRUGTE VAN MONTAGU

Is daar dalk iemand wat tussen **9-12 April en tussen 23-26 April tussen Montagu en Kaapstad ry** wat vir ons 5 kratte vrugte kan saambring? Ons skenk dit aan Sobambisana, Ruyterwacht en Maitland Gemeenskapskerk se sopkombuis.

## GASVRYHEID HANDE BENODIG

As iemand betrokke wil raak by die **gasvryheid/verwelkoming** Sondae-oggende, kontak asb. vir Susara op 072 497 3102.

## ALOAW-GROEP VERJAAR!

Ons sosiale groep vir enkellopendes hou 'n **spitbraai vir ons verjaarsdag** op Saterdag, 27 April! Kontak Karien vir meer inligting, 082 852 3000.

## MAGDALENAHUIS: VRYWILLIGERS

Magdalenahuis (Boston Bellville) benodig **vrywilligers** om aan te sluit by ons Innoverende Dames Komitee t.o.v. hulp met Fondsinsamelingfunksies. Belangstellendes kan Susara Drijfhout kontak by 021 948 3637

## 08h30 EREDIENSTYD

Aan die einde van verlede jaar is daar 'n meningsopname gemaak rakende die aanvangstyd van die eerste oggenddiens. Op die kerkraadsvergadering van 11 Februarie is daar besluit om die 08h30 erediens se aanvangstyd **onveranderd** te laat.

@NGKenridge @ngkenridge

**STORIES VAN HOOP—DIE APPEL VAL NIE VêR VAN DIE BOOM** met Appel, Burre & Snorre
Dinsdag, 7 Mei, 18h30 vir 19h00 in die kerk, R100 per person.
Kaartjies te koop by die kerkkantoor tussen die oggenddienste of weeksdae tussen 8h30 en 16h00
(Die produksie word aangebied as deel van NG Kenridge se Dankbaarheidsmaand).

## ZITHULELE UITREIK 2019

15 Junie – 24 Junie

**Ons dien die gemeenskap deur:**
Winterskool: Klasse aanbied in wiskunde, Engels, wetenskap, biologie. Herstelwerk te doen aan gemeente se pastorie en kerk se kombuis.
By kinders is die hospitaal te kuier.
Kos te maak.

**Ons kuier in die gemeente deur:**
Saam met die gemeente se vroue naald-werk te doen.
Basaar te hou.
Huisbesoek te doen.
Sokker te speel.

Hoeveel? R1000

As jy wil saamgaan of 'n skenking wil maak kontak melanie@ngkenridge.co.za of 072 286 3333

Snap here to pay
SnapScan

## BEDIENING NA BUITE BEHOEFTES

**Alle produkte wat hier gevra word, kan in die houers in die kerkportale geplaas word of gedurende die week by die kerkkantoor afgelaai word.**

Projek Paaseiers 2019! Ons samel **paaseiers** in om Paaswense oor te dra by die verskillende aksies van Bediening na Buite.

Ruyterwacht benodig dringend **'n yskas in 'n werkende toestand** vir 'n losieshuis wat 6 hawelose bejaarde vroue huisves. Daar is ook 'n behoefte aan **dubbelbedmatras, stofsuier, grassnyer en "weed eater"** vir die gebruik by 5 van hulle nuwe losieshuise.

NG Gemeente Ruyterwacht hou basaar op 5 April. Hulle vra skenkings vir die **poedingtafel, bv. jellie, fyn pynappel, bokse vla, kondensmelk** ens. Bring asb. na die kerkkantoor.

Bring asb. **gesnyde bruin brode** vir die Ruyterwacht brookblik-projek.

Ons benodig tweedehandse **kombuisware, lampe**, **ornamente**, **meubels en skilderye** vir Ruyterwacht se wit olifanttafel by die Wintermark.

**NG. GEMEENTE KENRIDGE | FNB WILLOWBRIDGE | Bankno: 62622466458 | Takkode: 250655 | Verwysing: Doel/JOU VAN | finansies@ngkenridge.co.za**

## # IMAGINE EXPERIENCE 2019

'n Fees waar **tieners** die Here aanbid en toelaat dat die Heilige Gees hulle verbeelding vernuwe om Sy Koninkryk te laat kom in ons land.

Datum: 29—31 Maart

(laaste naweek van skoolvakansie)

Waar: Bredasdorp

Koste: R450 (vervoer uitgesluit)

Ons soek asb. uit die gemeente mense wat kan help met die volgende:

**Volwassenes** om te help met die "Care Team" en berading van jong mense en voorbidding tydens die fees.

Kontak Christi vir meer besonderhede, Christi@ngkenridge.co.za

## KENRIDGE GEBED 10-17 MAART

**40 Dae van Gebed en begin van Lydenstyd** "Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil." - Matt 26:39

**Nadenke**

Watter bitter bekers wil jy ook as dit moontlik is nie drink nie?

God se "nee" vir sy Seun het die gang van die mensdom se geskiedenis verander. Is jy bereid om in sy wil te berus?

**bid vir die wêreld**

"We live in a world where nearly 1 person is forcibly displaced every two seconds as a result of conflict or persecution" *(Statistiek geneem uit verslag van United Nations Refugee Agency, 2018)*

Bid vir 68,5 miljoen mense wat volgens die 2018 statistiek gedwing is om uit hulle huise te vlug. Bid vir kerke en ander hulpverlenings-organisasies wat 'n verskil probeer maak om vlugtelinge en huisloses te versorg en 'n heenkome te help vind.

**bid vir Suid-Afrika**

Dank die Here vir reën wat begin val in die winterreënvalgebiede en die belofte van 'n goeie reënseisoen wat voorlê.

Bid vir die boere en die landbousektor wat gebuk gaan onder die gevolge die wydverspreide en langdurige droogte.

Bid vir verhoudinge tussen die mense van ons land in die lig van daaglikse voorvalle waar rasse-spanning "oorkook".

**bid vir ons gemeente se bediening na buite**

Bid vir Maitland se herbou-prosesse, vir Ruyterwacht se personeel wat onder baie moeilike omstandighede moet werk, Maria Xinti se werk in Karl Bremer hospital.

Bid vir voorbereiding vir die uitreik na Zithulele in Junie.

**bid vir ons gemeente**

**40 Dae van Gebed** - Week 7 - bid dat ons sal aanvaar dat God se beskikking in antwoord op ons gebede altyd in die konteks van sy wil en die gebrokenheid van die wêreld verstaan moet word. Bid dat die getuienis - aand van Appel, Burre en Snorre op 7 Mei 'n geseënde dankfees oor God se goedheid in ons lewens sal wees.

Bid vir mense wat treur na die dood van geliefdes.

Annamarie Voges vir wie ons twee jaar lank gebid het, is Woendag oorlede en haar gedenkdiens vind plaas op Woensdag 13 Maart om 15:00 in ons kerkgebou - ons meelewing met Michael en die res van hulle familie.

Albert en Marietjie van Zyl - Marietjie se Ma, Esther Brand is oorlede.

Dank die Here vir beterskap by Herman Bonthuys en bid vir die lang herstelpad.

Anette van der Walt van la Veritas - knievervanging en verdere komplikasies.

Carel du Plessis - herstel na 'n operasie.

Jurie J van Rensburg - vir behandeling.

Lenie Byliefeldt, Sonya Lindeque.

Ruben van Rooyen (Gr 6) - in die hospitaal - bid vir 'n deurbraak op pad na genesing en sy ouers Marí en Ryno en sy sussie Amelia.